

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 7 No 5 September 2013
Personeelblad van die NWU

Oudit wys ons is
amper "groen"

Boek kom oor
samesmelting

Kyk wie loop deur
Lover's Lane



INHOUDSOPGAWE

- 2 Toe nou, laai dié toep af
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish!, ons werk soos superhelde!
- 4 “Groen” oudit onthul goeie gebruike en ‘n paar gapings
- 6 Eendag, 10 jaar gelede, was daar ‘n samesmelting
Uitnemende alumni ontvang toekenings
- 7 Jaarverslag vertel van groei en stabiliteit
- 8 Fokus op... Internasionale evaluering
- 9 Dis ‘n besige kantoor dié
- 10 Regslui moet krities, onafkanklik kan dink
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 NWU-kundiges kén hul storie
- 16 En die weners is...
- 17 As ek ‘n superheld kon wees...
- 18 Ons mense – Ros(t)kam kry ‘n nuwe betekenis
- 19 Maak dié bykos vir Braaidag



Voorblad: Dr Tom Larney, die waarnemende registrateur van die Potchefstroomkampus lei die akademiese proses deur Lover's Lane op dié kampus. Lees meer oor die nuwe tradisie op p 13.



Toe nou, laai dié toep af

Met die bekendstelling van die eerste NWU-mobiele toepassing (bekend as toep, of in Engels: application of app), het jy nou sekere NWU-inligting in die palm van jou hand.

Die toep voorsien NWU-personeel en -studente van ‘n unieke stel hulpmiddels wat gebruik kan word vir akademiese, administratiewe en inligtingsdoeleindes.

As jy die toep op jou mobiele toestel aflaai, kan jy byvoorbeeld die amptelike NWU-nuus lees of jou studentekind se jongste akademiese resultate sien.

Ander funksies wat deur middel van die toep beskikbaar is, is ‘n hulpmiddel waarmee jy lugtyd kan koop, en ‘n gesels-hulpmiddel vir kommunikasie tussen personeel en studente en tussen studente onderling.

Die toep is gebou op die *Kuali Mobility for the Enterprise*-raamwerk (KME-raamwerk) en maak gebruik van die heel nuutste tegnologie. Dis beskikbaar vir Blackberry-, Android- en Apple-toestelle en kan via die Google Play-, Apple- en Blackberry internetwinkels afgelaai word.

Jy kan die internetwinkels ook via die NWU-webwerf bereik – gaan na www.nwu.ac.za en klik op die skakel “Laai NWU toep af” onder Kitsinligting.

LUISTER NA DIE NUWE NWU-ADVERTENSIE

Besoekers op die NWU-webwerf kan na die NWU se jongste radio-advertensie luister deur te klik op die ikoon wat langs “Ons Storie” op die landingsblad van die webwerf verskyn.

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief ‘n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.



Beste kollegas

Die derde kwartaal is goed op dreef – baie dankie vir u harde werk so ver. 'n Blaaskans is altyd 'n goeie ding, so neem 'n oomblik om deur nog 'n interessante uitgawe van Eish! te lees.

In hierdie Eish! kan u meer lees oor ons 2012-jaarverslag. Ons vordering met die bereiking van ons missie bly steeds merkwaardig. Baie van ons inisiatiewe het vrugte afgewerp en ons kan eintlik sê dat ons ons missie om 'n gebalanseerde onderrigleer- en navorsingsinstelling te wees, reeds bereik het. Ek lig graag enkele prestasies hier uit:

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Ons voorgraadse slaagsyfer was in 2011 85%, die hoogste ooit, en ons het dit opgevolg met 'n nog beter 88,2% in 2012. In terme van ons graadvoltooiingskoers, het ons 26,6% in 2011 behaal en het ons daarin geslaag om dit op 25% in 2012 te hou. Ons lae eerstejaar-uitvalsyfer – net 12% – is merkwaardig in vergelyking met 'n sektorgemiddeld van tussen 25% en 30%. In 2012 het ons 14 669 grade en diplomas toegeken, wat voorwaar 'n goeie prestasie is.

In terme van navorsing het ons nog 'n beter jaar gehad as in 2011. In 2012 het die NWU 670 meestersgrade toegeken waarvan 433 navorsingsmeestersgrade was (in vergelyking met 366 in 2011). Ná bietjie van 'n terugslag in 2011 na 115 PhD's, het ons goed herstel met 'n ongehooflike 154 PhD's wat meer as 10% van die land se totale PhD's verteenwoordig.

Net so duur die suksesstorie van ons publikasie-ekwivalente voort. Ná 'n gesonde sprong na 773 in 2011, het ons weer in 2012 'n goeie sprong gemaak deur byna 200 meer publikasie-ekwivalente by te voeg, wat die totaal vir die jaar op 935 te staan bring. Al drie die kampusse het hiertoe bygedra, en veral die Mafikeng-kampus het op hulle goeie vertoning van 2011 voortgebou. Ons totale navorsingsuitsette het

sedert die samesmelting in 2004 met 133%, of 16,6% per jaar gegroei!

Ek wil graag weer elke toegewyde personeelid wat bygedra het om van 2012 'n reusesukses te maak, bedank.

Met die oog op ons verdere posisionering, wil ons vroeg volgende jaar 'n internasionaal geleide eksterne evaluering doen – lees gerus meer daarvoor op p 8. Dit is 'n uitstekende geleentheid om na 10 jaar bestek op te neem en terselfdertyd vir die volgende visekanselier ná my uitrede in Mei 2014, 'n oorsig te gee van watter doelwitte en mylpale bereik is en watter gapings daar mag wees.

Ons leef in 'n era waar "nakoming" vooropgestel word. Lees gerus meer van die harde werk wat met betrekking tot die samestelling van ons eerste omgewingsouditverslag ingesit is. Tussen al die harde werk deur moet u ook onthou om 'n gebalanseerde lewenswyse te handhaaf en 'n bietjie te ontspan – geniet die naderende lente, en moenie vergeet om 'n ietsie op die kole te gooi op Erfenisdag nie!

Theuns Eloff

Eish!, ons werk soos superhelde!

In hierdie uitgawe van die Eish! verwys die visekanselier, dr Theuns Eloff, in sy boodskap na die besondere prestasies van die NWU soos weerspieël in die 2012-jaarverslag. (Meer hieroor ook op p 7.)

In die lig van dié prestasies sou 'n mens dink die NWU wemel van superhelde, want verg dit dan nie buitengewone mense om sulke hoogtes te bereik nie?

Tog nie. Ons kollegas is wel buitengewoon, maar die naaste aan superhelde wat hulle kom, is om op p 17 te vertel in watter superhelde se skoene hulle hulself sou wou bevind as hulle kon kies.

In die werklikheid kan ons kollegas nie deur die lug vlieg soos Superman of voorwerpe magneties manipuleer soos Magneto nie, maar hard werk, dié kan hulle. Dis trouens te danke aan hulle harde werk dat die NWU in die byna 10

jaar sedert die samesmelting feitlik al die same-smeltingsdoelwitte kon behaal.

'n Evalueringspaneel met internasionale verteenwoordiging kom juis vroeg volgende jaar kyk watter doelwitte behaal is en wat nog aandag moet kry. Lees gerus op p 8 meer oor hierdie evaluering wat saamval met volgende jaar se vieringe van die 10 jaar van samesmelting.

'n Boek oor die samesmelting gaan ook volgende jaar uitgegee word. Lees op p 6 hoe dié boek, met prof Piet Prinsloo as samesteller en me Cornia Pretorius as skrywer, veral op die menslike faktore rondom die samesmelting gaan fokus.

Met die jaar wat reeds afdraande begin loop, is daar nog 'n paar doelwitte wat bereik moet word. Hoewel

'n paar superheld-vermoëns handig te pas sou kom, is dit op die ou end weereens harde werk wat die deurslag sal gee.

Die Eish! se werkslading het ligter geword toe mnr Willie du Plessis (foto) onlangs die Potchefstroom Herald verruil het vir Korporatiewe Kommunikasie en Belanghebberverhoudinge by die Institusionele Kantoor.



Die (nuwe) Eish!-span wens ons lesers sterkte toe vir die laaste paar maande van die jaar.

Lekker lees,

Marelize, Nelia & Willie

“Groen” oudit onthul goeie

’n Onlangse oudit toon dat die NWU reeds in ’n hoë mate voldoen aan die vereistes van die omgewingswette wat op ons bedryf van toepassing is. In gevalle waar die vereistes nie nagekom is nie, was ’n gebrek aan kennis die vernaamste rede.



Die oudit is deur die Sentrum vir Omgewingsbestuur (SOB) gedoen en het oor die NWU se Institusionele Kantoor en die drie kampusse heen gestrek. Dit het alle op-kampus en af-kampus aktiwiteite, produkte, dienste, prosesse en werksaamhede ingesluit.

Volgens me Bibi Bouwman, Institusionele Direkteur: Gemeenskapsverbintenis, wat die oudit gemagtig het, was die doel daarvan nie om vir enigiemand ’n verleentheid te wees of om vingers te wys nie. Die bedoeling was eerder om te bepaal tot watter mate die NWU aan die ekologiese (“groen”) vereistes van omgewings-wette voldoen.

“Dis goed om te sien hoeveel personeellede en studente van die NWU passievol oor voldoening aan die wet is,” sê Bibi. Sy wys daarop dat universiteite van staatsfondse afhanklik is en ’n verpligting het om die omgewing te beskerm en so uiteindelik belastingbetalers se geld te spaar.

“Die NWU-gemeenskap het eienaarskap van ekovriendelike pogings aanvaar. Daar is ’n verskil tussen ekovriendelike ‘vertoon’ en voldoening aan die wet, en ons wou sien wat werklik op ons kampusse gebeur,” sê sy. “In een opsig was die oudit ’n ‘huisskoonmaak’-oefening. Ons wou bepaal waar daar nie-voldoening was nie en verseker dat maatreëls ingestel word om dit reg te stel.”

Mej Annah Mpitimpiti, ’n meestersgraadstudent, verseker dat sy beskermende handskoene en haar bril dra wanneer sy met skadelike chemikalieë by die Farmaseutiese Chemie-laboratorium op die Potchefstroom-kampus werk. Eksperimente word volgens voorskrifte in die dampkas gedoen. Dit is van die veiligheidsmaatreëls wat by dié veiligheidsbewuste laboratorium toegepas word.

gebruike en 'n paar gapings



Me Madelein Geldenhuys van die laboratorium by Farmaseutiese Chemie op die Potchefstroomkampus verseker dat alle skadelike chemikalieë veilig toegesluit word.

DIE OUDIT

Die oudits op die NWU-terreine is gedurende Augustus, September en Oktober 2012 gedoen en is in Januarie 2013 voltooi.

Die ouditverslag beveel aan dat 'n aksieplan vir die verbetering van omgewingswetlike voldoening oor 'n tydperk van 18 maande bekendgestel moet word.

Die ouditspan het bestaan uit hoofouditeure, ouditeure en provinsiale ouditeure wat by die Suider-Afrikaanse Ouditeursertifiseringsvereniging (SAOSV/SAATCA) geregistreer is.

GOEIE GEBRUIKE

Die oudit het bevind dat sommige van die goeie gebruike by die NWU ekovriendelike inisiatiewe en die toenemende bewustheid oor alle kampusse heen insluit, asook goeie afvalbestuurspraktyke. Dit sluit in die verdeling van afval, toegangsbeheer by sekere afvalbergingsplekke en deeglike bestuur van geneties gemodifiseerde organisme-afval (GGO-afval) op die Potchefstroomkampus.

Hulle het ook die volgende goeie gebruike waargeneem:

- deeglike bestuur en berging van chemikalieë by Biochemie (etikettering en inagneming van kombineerbaarheid);
- toegangsbeheer en nasporing en opsporing van chemikalieë by Farmaseutiese Chemie op die Potchefstroomkampus;
- grond- en biodiversiteitsbestuur (indringerplantbestuur) by Servest op die Potchefstroomkampus;
- wildbestuur op die Vaaldriehoekskampus;
- die gebruik van permitte vir die bewaring van beskermde plantspesies in die Botaniese Tuin op die Potchefstroomkampus, en
- goeie veeartsenykundige bestuur op die Mafikengkampus.

REGSTELLING VAN NIE-VOLDOENING

Die oudit het tot die gevolgtrekking gekom dat die NWU moeite doen om aan die betrokke wetlike vereistes wat op die aktiwiteite, produkte en dienste van die NWU van toepassing is, te voldoen. Baie van die universiteit se

ekovriendelike gebruike is nietemin informeel en ongedokumenteer. Daar is ook verskeie gevalle van nie-voldoening wat reggestel moet word voordat die NWU op algehele wetlike voldoening aanspraak kan maak. Hierdie gevalle moet as 'n kwessie van dringendheid aangepak word om te verseker dat die NWU suksesvol is wat die aanpak van sy omgewingsuitdagings en die voldoening aan wetlike vereistes betref.

AANBEVELINGS

Daar is 'n behoefte om die leemtes in infrastruktuur oor die langtermyn aan te spreek.

Die oudit beveel ook aan dat, weens die gelyksoortigheid betreffende nie-voldoening aan omgewingsvereistes oor kampusse heen, die omgewingsaksieplan as 'n geïntegreerde, gekoördineerde benadering op alle kampusse bekendgestel en uitgerol moet word. Dit moet gedoen word deur die grootste risiko's die hoogste prioriteit vir implementering van regstellende aksie te maak.



Eendag, 10 jaar gelede, was daar 'n samesmelting

'n Akademiese verslag én 'n boek met lekkerlees-staaltjies oor die NWU-samesmelting en die eerste 10 jaar daarna gaan volgende jaar verskyn.

Me Cornia Pretorius, 'n dosent by die Skool vir Kommunikasiestudies op die Potchefstroom-kampus, is besig om die informele boek oor die samesmelting te skryf en het reeds talle onderhoude gevoer met mense wat nou betrokke was daarby.

"Terwyl ek die onderhoude gevoer het, het ek besef hoe moeilik die samesmelting werklik was, hoeveel konflik en spanning daar agter die skerms was en hoeveel die mense op al drie kampusse prysgegee het om iets nuuts te probeer skep," sê Cornia.

GESOUTE JOERNALIS

Dit sal nie die eerste keer wees dat Cornia oor die samesmelting skryf nie. Sy het destyds as joernalis by die *Sunday Times*, *Thisday* en die *Mail & Guardian* oor onderwys berig en het daarom ook oor die samesmeltings in die hoëronderwyssektor geskryf.

Cornia sê die boek gaan nie noodwendig uitlostaande stories bestaan nie – dit gaan een storielyn wees waarin verskillende staaltjies vervleg is.

Die boek gaan ook foto's bevat en Cornia vra dat personeel vir haar amptelike of ander toepaslike foto's sal stuur wat geneem is in die tyd van die samesmelting – vanaf die einde van 2003 en in 2004 en 2005.

In ooreenstemming met die NWU se beleid van meertaligheid sal die boek in Engels, Afrikaans en Setswana uitgegee word.

LANGER VERSLAG

Behalwe die informele boek, sal daar ook 'n omvattende akademiese verslag oor die samesmelting gepubliseer word.

"Dié verslag – waarby verskeie medewerkers betrokke is – sal 'n geheelbeeld van die samesmelting bied," sê prof Piet Prinsloo, voormalige rektor van die Vaaldriehoekskampus wat aan die stuur van die hele projek staan.

Hierdie verslag gaan veral op die gebeure rondom die samesmelting en die ontwikkeling van die NWU gedurende die 10 jaar daarna fokus.

"Dis belangrik dat ons die geskiedenis van die NWU se eerste dekade aanteken," sê dr Theuns Eloff, die visekanselier.

"Die feite, syfers en grafieke is onontbeerlik, maar die stories van die mense – onder meer oor hul onsekerhede en verwagtinge – is net so waardevol. Daarmee wil ons iets van die menslikheid en die korporatiewe kultuur weergee. Met die kombinasie van die akademiese verslag en die meer informele boek behoort ons alles oor die samesmelting te weerspieël."

'n Beperkte getal akademiese verslae gaan gedruk word, soos in die geval van 'n proefskrif, en etlike duisende kopieë van die informele boek wat Cornia skryf.

Albei weergawes sal gedurende die tweede helfte van 2014 verskyn.

Uitnemende alumni ontvang toekennings

Die NWU het onlangs 10 van sy uitstaande alumni amptelik erken vir hul persoonlike en beroepsprestasies en hul bydraes tot die gemeenskap.

Die voormalige staatspresident, mnr FW de Klerk, het die gesogte Lewensprestasietoekenning ontvang en nege ander prominente alumni het Alumni-toekennings ontvang tydens die glansgeleentheid wat op 6 September 2013 in Johannesburg gehou is.

Die Lewensprestasietoekenning vereer uitstekende individue wie se buitengewone

lewenslange persoonlike en professionele prestasies van hulle inspirerende rolmodelle vir die toekoms maak. Mnr De Klerk se politieke bydraes en sy pogings om demokrasie te bevorder maak van hom 'n waardige ontvanger van hierdie prestige-toekenning.

Die Alumni-toekennings is bedoel vir alumni wat buitengewone bydraes tot die gemeenskap lewer en volgehoue lojaliteit teenoor die NWU bewys. Die ontvangers daarvan moet ook uitnemende persoonlike of beroepsprestasies behaal het.

Die alumni wat Alumni-toekennings ontvang het nadat hulle deur die Mafikengskampus genomineer is, is regter Yvonne Mokgoro, regter Bess Nkabinde en dr Bismark Tyobeka.

Prof TT Cloete, dr Johan van Zyl en mnr De la Rey Venter het hul toekennings as Potchefstroomkampus-alumni ontvang.

Vaaldriehoekskampus-alumni wat toekennings ontvang het, is mnr Eric Bukasa, prof Johann Coetzee, en mnr Maans Pretorius.

Jaarverslag vertel van groei en stabiliteit

Die 2012-jaarverslag vertel die storie van die NWU – 'n verhaal van voortdurende groei, goeie bestuur en finansiële stabiliteit.

Die jaarverslag is vol bewyse van groei – van ons studentegetalle en die meestersgrade en PhD's wat ons toegeken het, tot die getal nadoktorale genote en navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting.

Een van die grootste suksesverhale van 2012 is die toename in navorsingsuitsette. Trouens, met 'n totale navorsingsuitset van 1 830 (23% hoër as gedurende die vorige jaar) was 2012 een van die beste jare sedert die samesmelting.

Ook onderrig-leer het steeds gegroei – 'n bewys hiervan is dat 88,2% van ons voorgraadse studente in 2012 geslaag het. Dit is nie net die hoogste persentasie sedert die samesmelting in 2004 nie, maar is ook vir die soveelste agtereenvolgende jaar heelwat beter as die nasionale gemiddelde.

'N HELPENDE HAND

Om hierdie groeitendense moontlik te

maak, het die NWU sy personeel en studente op verskillende maniere ondersteun.

Vir personeel was daar verskeie werksinkels en kompetisies wat hulle aangemoedig het om hul vaardighede te verbeter en vir studente was daar loopbaanberading, welstandsdienste, akademiese steun en finansiële hulp.

STEWIGE FONDAMENTE

Nog 'n manier waarop die NWU sy studente en personeel ondersteun het, was om te verseker dat hulle moderne en goed in stand gehoude geboue en fasiliteite gehad het.

Volgens die jaarverslag het die NWU verlede jaar R219 miljoen aan die oprigting of instandhouding van geboue op al drie kampusse en by die Institusionele Kantoor bestee. Van hierdie geld het uit die NWU se totale begroting van R2,7 miljard gekom. Dié begroting is befonds

deur 'n kombinasie van staatsubsidies (41%), studentegelde (26,5%) en geld wat deur kommersiële aktiwiteite verdien is, insluitende tantieme, lisensiegelde en werk wat vir die sakewêreld en die nywerheid gedoen is.

STABIELE FINANSIES

Deur omsigtige finansiële bestuur kon die NWU 2012 weereens met 'n surplus afsluit, wat gerusstellend is in die hedendaagse uitdagende ekonomiese klimaat.

Hierdie finansiële stabiliteit dien as vaste fondament vir die groei en vooruitgang by die universiteit. Groei sonder stabiliteit skep immers onsekerheid, en stabiliteit sonder groei stagnasie.

Die jaarverslag vertel hoe die NWU dit reggekry het om groei en stabiliteit te balanseer en dit saam te weef om die 2012-suksesverhaal te vorm.

	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	2012
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 709	44 726	47 008	50 589	55 732	56 641	58 752
Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand)	75,20%	78,80%	78,36%	79,48%	81,20%	83,60%	83,50%	85,20%	88,20%
Grade en diplomas toegeken (totaal)	9 657	7 746	9 825	11 345	12 337	13 445	15 083	15 904	14 669
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618	583	659	633	639	670
PhD's toegeken	87	82	110	124	100	123	129	115	154
Totale publikasie-elekwivalente	275	326	361	376	503	448	591	773	935
Totale navorsingsuitset-eenhede	798	865	1 075	1 061	1 084	1 186	1 330	1 483	1 830
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95	103	116	117	125	140
Gradueringskoers	24%	20%	25%	25%	26%	27%	27%	27%	25%
Postdoktorale genote	9	17	18	34	38	48	69	89	114

Die jaarverslag gee nie net die uitsette gedurende die verslagjaar weer nie, maar vergelyk ook die resultate wat jaar vir jaar sedert die samesmelting behaal is.



Internasionale evaluering

In hierdie uitgawe fokus ons op 'n internasionaal geleide paneel wat die NWU gaan evalueer. Dr Theuns Eloff, die visekanselier, gesels met Eish! oor dié evaluering wat op versoek van die NWU gaan plaasvind.

V: Wat is die hoofdoel van die projek?

A: Eerstens is dit om 'n oorsig aan die einde van die 10 jaar-samesmeltingsfase te gee en tweedens om aan die einde van my dienstrydperk as visekanselier 'n dokument vir die nuwe visekanselier na te laat oor wat reeds gedoen is en wat nog uitstaande is. Dit gaan hoofsaaklik oor die mate waarin die NWU sy missie geïmplementeer het en die samesmelting-doelwitte bereik het.

V: Hoe verloop die proses?

A: Die Institusionele Bestuur (IB) het tydens hul bosberaad aan die einde van Julie verdere beplanningswerk gedoen. Lede van die IB gaan nou saam met kampusbestuurslede 'n selfevalueringsverslag opstel wat 'n terugblik sal wees op die afgelope 10 jaar se werk.

Die verslag sal veral fokus op onderrig-leer, navorsing, implementering van kundigheid, mensekapitaal, transformasie, finansies en infrastruktuur. Hierdie verslag sal teen die middel van November aan 'n internasionaal geleide paneel voorgelê word.

V: Wie is die lede van hierdie paneel?

A: Die internasionale lede van die paneel is prof Frans van Vught van Nederland (voorsitter), prof Lynn Meek van Australië, en dr Torben Rasmussen van Denemarke.

Die Suid-Afrikaners op die paneel is prof Barney Pityana, voormalige visekanselier van Unisa, prof Mala Singh wat lid was van die Hoëronderwyskwaliteitskomitee en die Raad op Hoër Onderwys, en dr Nico Cloete, die direkteur van die Sentrum vir Transformasie in die Hoër Onderwys wat as sekretariaat tydens die paneel se besoek sal dien.

V: Waarom is daar internasionale kenners op die paneel?

A: Die NWU kompeteer nie net nasionaal nie, maar ook internasionaal. Daarom is dit belang-

rik om insette te kry van kundiges wat vanuit 'n internasionale oogpunt na die universiteit sal kyk. Internasionale verteenwoordiging op die paneel verhoog ook die geloofwaardigheid van die verslag.

V: Wat gaan die paneel se werkswyse wees?

A: Ons kan nie aan die paneel voorskryf presies wat hulle moet doen nie, maar na verwagting sal hulle die selfevalueringsverslag bestudeer en vroeg in Januarie 2014 onderhoude met senior bestuurslede by die Institusionele Kantoor en op die kampusse voer. Daarna sal hulle 'n finale verslag opstel.

V: Gaan die finale verslag redelik wyd bekend gemaak word?

A: Definitief. Dit sal volgende jaar saamval met die feesviering vir die 10 jaar van samesmelting. Dit sal goed wees om te kyk na die goeie mylpale wat bereik is, sowel as meer kritiese opmerkings oor die samesmelting.

V: Voorsien u dat daar doelwitte gaan wees wat ons nie bereik het nie?

A: Ons het die meeste van die samesmeltingsdoelwitte wat die Departement van Hoër Onderwys destyds gestel het, bereik, maar dit hang ook maar af van hoe die doelwitte geïnterpreteer word. Die vraag is byvoorbeeld of ons volgens politici ver genoeg gevorder het met ons vlakke van indiensnemingsgelykheid.

Daar was een doelwit wat ons in elk geval van die begin af nie wou bereik nie, en dit was om technikon-tipe vakke op die Mafikengkampus aan te bied.

Van die sake wat ons nog nie ten volle aangespreek het nie, is internasionalisering en institusionele bevordering (onder meer fondsinsameling). Omdat ons ná die samesmelting hoofsaaklik intern gefokus het, het ons dalk te laat hieraan aandag begin gee. Deesdae is dit egter van ons belangrikste strategiese doelwitte.

V: Met watter doelwit was ons die suksesvolste?

A: Ek dink ons was baie suksesvol in die opbou van goeie administratiewe bestuur wat transformasie en bemagtiging bevorder het. Ten spyte van die groot uitdagings wat die samesmelting meegebring het, het die NWU se studentetalle toenemend gegroei en kon ons terselfdertyd stabiliteit, akkreditasie en personeel behou.

Ons is ook trots op die merkwaardige groei van ons navorsingsuitsette en glo ons bestuursmodel – wat gehelp het dat ons die gaping tussen die samesmeltingsvennote kon oorbrug – was ook suksesvol.

V: Word dié soort evaluering ook van tyd tot tyd deur ander universiteite gedoen?

A: Ek weet nie van ander universiteite wat soortgelyke evalueringsprojekte aangepak het nie. Dit is beslis nie 'n algemene praktyk nie. Toe prof Carools Reinecke nog rektor van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys was, het hy dit wel in 2001/2002 gedoen voor sy termyn verstryk het.

In ons geval is dit 'n uitstekende geleentheid om vir die volgende visekanselier 'n oorsig te gee van watter doelwitte en mylpale reeds bereik is.



Dis 'n besige kantoor dié

*Mnr James Botha, advokaat van Institusionele Regsdienste, neem tydelik waar as institusionele registrateur nadat prof *Themba Mosia, die vorige registrateur, bedank het. Eish! het met hom gesels oor sy aanstelling en die uitdagings wat deel is van die registrateurskantoor.*

Dis 'n besige plek dié – dit kom 'n mens agter wanneer mnr James Botha vertel van sy eerste paar weke as waarnemende institusionele registrateur van die NWU.

“Ek het nooit regtig verstaan waarom die lede van die Institusionele Bestuur se antwoorde op e-posse so kort en kragtig is en hoekom dit so lank neem om 'n afspraak met een van hulle of met die institusionele registrateur te kry nie,” sê James.

Die rede hiervoor het vir hom duidelik geword toe hy op 1 Julie 2013 begin waarneem het as institusionele registrateur en gekonfronteer is met die massas e-posse en afsprake wat met dié pos gepaardgaan.

“Dis net so oorweldigend báie! Dit is nie vreemd om ná middagete terug te kom kantoor toe na 40 of 50 e-posse wat intussen ingestroom het nie.”

BESLUIE NEEM

Wat volgens James die uitdaging nog groter maak, is dat die institusionele registrateur antwoorde moet gee en finale besluite moet neem, veral wanneer die versoeke in die stroom e-posse handel oor sake wat deel van sy lynfunksies is.

“Dan dink ek aan die arme visekanselier (en stuur maar 'n skietgebedjie vir hom op) wat in die kantoor langs my heeltemal aan die einde van die lyn is wat besluitneming betref.”

Hy sê die institusionele kalender bepaal deesdae sy daaglikse program. “Omdat ek verantwoordelik is vir die institusionele sekretariaat, bestaan my lewe nou hoofsaaklik uit agendas, vergaderings en notules nagaan. Dat ek darem nog geen slaap hieroor verloor het nie, is te danke aan die span van die Institusionele Sekretariaat wat my elke dag bystaan.”

AFKORTINGS ONTSYFER

'n Groot uitdaging was om die akademiese en

kwaliteitsprosesse – en die gepaardgaande afkortings – onder die knie te kry.

“Gelukkig ken dr Jannie Jacobsz en sy mense al die afkortings – ek is bevoorreg om sulke kundige mense byderhand te hê.”

Die studente administratiewe stelsels en die implementering van die rekenaarsagteware, Quali Student wat in die vooruit sig gestel word, was ook vir hom heeltemal nuut.

Weereens het bekwame NWU-kollegas soos mnr Attie Juyn van Inligtingstechnologie Sentraal en mnr Jaco-Philip Ellis van Studente Administratiewe Stelsels tot sy redding gekom.

“Met Attie se eweknie-leiding en Jaco-Philip en sy span se daaglikse hulp het ek gou die strategiese belangrikheid hiervan begryp.”

BEKENDE TERREIN

Afdelings wat darem nie heeltemal so vreemd was vir hom nie, is Institusionele Rekordbestuur en Administrasie onder leiding van me Amanda van der Merwe en Argief en Museums onder leiding van me Annette Kellner.

“As deel van Regsdienste het ek darem al voorheen saam met hulle gewerk en tot dusver vind ons saam oplossings vir alle vraagstukke.”

KOFFIE EN KALMTE

James verlang soms terug na sy kantoor by Regsdienste, veral as die pas ondraaglik word.

“Gelukkig is me Lerato Tsagae, my persoonlike assistent, hier om my kalm te hou en koffie te maak wanneer dinge erg raak. Ek dink dis hoekom Prof Mosia so rustig voorgekom het – dis Lerato se invloed op 'n mens.”

Ten spyte van die druk, geniet hy sy werk as institusionele registrateur. Sy regsagtergrond kom ook handig te pas, sê hy.

“Dit gee my genoeg selfvertroue om elke saak uit alle hoeke te ondersoek, om wyd te konsulteer, en om dan nie noodwendig die máklikste nie, maar wel die régte besluite te neem.”

James het baie spesifieke doelwitte vir die maande wat voorlê.

“As ek die integriteit van my voorganger en hierdie kantoor vir die duur van my termyn kan beskerm en aan die nuwe institusionele registrateur 'n effektiewe 'op datum'-kantoor kan oorhandig in 2014, sal ek tevrede wees,” sê hy.

** Prof Themba Mosia, wat van 1 Januarie 2008 tot 30 Junie 2013 die institusionele registrateur van die NWU was, is nou die Adjunkhoof: Studente- en Koshuissake en Akkommodasie by die Universiteit van Pretoria.*

◀ Mnr James Botha, die waarnemende institusionele registrateur, sê danksy sy bekwame kollegas sien hy kans vir dié besige kantoor.



Regslui moet krities,

In ons reeks artikels oor NWU-dekane gesels Eish! met prof Nicola Smit, die nuwe dekaan van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus. Prof Nicola vertel entoesiasies van haar planne vir die fakulteit en die belangrikheid van kwaliteit regsgeleerdes.



Prof Nicola Smit se man, Gabriel, het ook regte studeer. Hulle het as assistente by Unisa ontmoet en is in 1997 getroud.

Prof Nicola Smit wat op 1 Januarie vanjaar diens aanvaar het, wil graag die Fakulteit Regte vestig as een van die topregsfakulteite in Suid-Afrika en dit ook die eerste keuse maak vir topskoliere wanneer hulle besluit om vir dié beroep te studeer.

Prof Nicola voel in die snel veranderende Suid-Afrikaanse regslandskap is dit nou belangriker as ooit dat regsgeleerdes onafhanklik, analities en krities moet kan dink om billike besluite te neem waardeur die Suid-Afrikaanse demokrasie bevorder en onderhou sal word.

Sy sê dit is veral uiters noodsaaklik vir 'n onafhanklike regsbank. Dit is juis hier waar die fakulteit 'n belangrike rol speel om te verseker dat studente opgewasse vir hul taak sal wees.

FAKULTEIT MOET STUDENTE TOERUS

Prof Nicola sê jong regsgeleerdes bevind hulle dikwels in 'n sink of swem-situasie wanneer hulle die beroep betree en regsfakulteite het 'n groot taak om te verseker dat studente met die

nodige vaardighede toegerus word om sukses te verseker. Dit sluit veral goeie analitiese skryf- en interpretasievaardighede in.

Sy is trots dat die fakulteit in hierdie verband vooruit gekyk en die sillabus so aangepas het om voorsiening te maak vir bykomende vaardighedsmodules om studente se skryfvermoëns te ontwikkel en te versterk.

PASSIEVOLLE PERSONEEL

Prof Nicola sê sy word omring met talentvolle personeel. "Instellings is maar net mense en die kwaliteit daarvan word deur die toegewydheid van die mense wat daaraan verbonde is, bepaal.

"Ek is besonder gelukkig om by die NWU saam met kundiges te werk vir wie hul werk ook hul passie is."

Sy sê die Potchefstroomkampus is vir haar besonder mooi en met die ondersteuning van die personeel het sy gou welkom gevoel in haar nuwe akademiese tuiste.

REGSGELEERDES VIR SUID-AFRIKA EN INTERNASIONAAL

Studente moet onafhanklik kan funksioneer. "Wanneer hulle die beroepswêreld betree gaan

MAAK MA GRIETJIE SE FLUWEELPOEDING

Prof Nicola deel graag haar ma se fluweelpoeding-resep met ons Eish!-lesers:

200 ml suiker
¾ koppie meelblom
bietjie sout
1 liter melk
4 eiers, geskei
2 eetlepels botter
vanieljegeursel
4 eetlepels appelkooskonfyt (of soos nodig)

Sit oond aan op 180°C. Meng die suiker, melk en sout met twee eiergele en 'n klein bietjie van die koue melk. Verhit die res van die melk tot dit amper kook en gooi dit dan stadig oor

die mengsel. Meng om klonte te verhoed en roer aanhoudend oor lae hitte. Kook stadig en bly roer tot dit dik begin word. Klop die eiergele en gooi die warm mengsel daaroor. Voeg die botter en vanieljegeursel by. Gooi in 'n gesmeerde oondbak en bak vir 40 minute. Wanneer dit ligbruin bo is, haal die poeding uit die oond en stip klontjies appelkooskonfyt bo-op. Klop die eierwit met een lepel suiker daarin styf. Bedek die appelkooskonfyt met die eierwit. Sit die poeding terug in 'n koel oond tot die eierwit ligbruin word. Dien onmiddellik op en geniet!

onafhanklik kan dink

dit oor meer as net teoretiese kennis. In die wêreld daar buite is werklike kliënte met werklike geld en werklike probleme wat opgelos moet word.”

Die meeste studente hoop dat hul grade vir hulle nie net plaaslik nie, maar ook internasionaal deure sal oopmaak. Die fakulteit gee wel aan studente voorgraadse blootstelling aan die internasionale regs-wêreld, maar dit is veral in nagraadse studies waar 'n sterk internasionaal vergelykende komponent studente in staat stel om wêreldwyd geleentheid aan te gryp.

“Ons fakulteit het van die meeste doktors- en meestersgraad-inskrywings op die NWU. Dit is belangrik om nagraadse studies aan te moedig en studente geleentheid te gee om in die beroepswêreld betekenisvolle verskille te maak. Ek sal graag ook handelsreg as kommersiële nagraadse studierigting wil bevorder en daardeur kwaliteit regsgeleerdes vir die korporatiewe wêreld lewer.”

REG VIR UITDAGINGS

Prof Nicola glo dat motivering 'n baie belangrike rol speel in die uiteinde-lyke sukses van studente. “Ek wil na die beste van my vermoë saam met studente en dosente werk om 'n groot impak op jongmense se lewens te maak. My doelwit is om nuwe projekte van stapel te stuur wat studente sal onder-

Prof Nicola is baie lief vir klaviermusiek. Sy speel graag self en as sy wil ontspan, luister sy na Chopin se komposisies.



steun om hul beste te lewer en so die fakulteit die eerste keuse vir voornemende studente te maak.”

Prof Nicola beskou tegnologie as een van die grootste uitdagings vir die regsberoep. Sy sê in 'n tradisioneel ernstige konserwatiewe beroep word dit al hoe belangriker dat studente ook hulle bekwaam om tegnologie in te span in die uitvoering van hul take. Dit is ook hier waar sy nuwe inisiatiewe wil begin om die regstudente in staat te stel om in die kompeterende wêreld uit te staan.

Haar positiewe ingesteldheid word aangevuur deur haar waardering vir mense. “Mense is kosbaar. Elkeen is besonders op sy of haar eie manier. Mense het die vermoë om skeppend en kreatief te wees. Dit maak my opgewonde om te sien watter fantastiese ontdekkings en wonderlike kuns en musiek mense kan skep. Ek glo dit is in elke persoon se vermoë om 'n opbouende verskil in die wêreld te maak.”

Met prof Nicola se waardering vir mense en haar entoesiasme vir die regsberoep is daar geen twyfel nie dat haar fakulteit topskoliere sal lok en graduandi sal lewer wat 'n positiewe verskil in Suid-Afrika sal maak.

Ander interessantheide oor prof Nicola:

My gunstelingdisse: Breyani, kerrie, soesji en my ma se se fluweelpoeding.

My gunstelingflik: Dit is moeilik om te kies. Daar is so baie waarvan ek hou, maar as ek een moet uitsonder sal ek sê dit moet *Schindler's List* wees.

My gunstelingmusiek: Enige klaviermusiek, maar ek verkies veral Chopin as ek wil ontspan.

My gunstelingtroeteldier: My drie hondekinders, die worshondjies: Gracie, Ellie en Leo.

Dit doen ek vir ontspanning: Ek lees, luister musiek en speel klavier. Ek is ook lief vir tuinmaak en mosaïek-werk. Ek moet altyd besig bly.

Dit wil ek nog eendag doen: Ek wil graag Antartika besoek. Ek is lief vir reis en dit sal ook 'n belewenis wees om na Rusland, veral Moskou se Rooiplein, toe te kan gaan.

Die lede van my gesin: Dit is ek en my man, Gabriel, en die drie worshondjies.

My jongdae: Ek het grootgeword in die vriendelike stad, Port-Elizabeth, maar toe ek 12 was het ons na Pretoria verhuis.

My gunsteling-sêgoed: Daar is twee. Mahatma Gandhi se “Be the change you want to see in the world” is my persoonlike leuse. As akademikus is my gunsteling-sêding: “There’s nothing as practical as good theory.”

Waarvan ek nie hou nie: Ek hou nie van dislojale en ondankbare mense nie.

Bevolking, gesondheid en ontwikkeling onder die soeklig

Die kampus het onlangs as gasheer opgetree vir die agtste jaarlikse konferensie van die Bevolkingsvereniging van Suid-Afrika (BVSA).

Die tema van die konferensie, wat vanaf 10 tot 12 Julie 2013 plaasgevind het, was "Bevolking, Gesondheid en Ontwikkeling". Dit is die tweede keer dat die kampus gasheer vir die konferensie was. In ooreenstemming met die tradisie van die konferensie, het die afgevaardigdes op die tweede dag Wêreldbevolkingsdag gevier. Hierdie jaar se vierings het op bewusmaking van adolessente swangerskap gefokus.

In haar openingsrede het me Thandie Hlabana, president van die BVSA, beklemtoon dat die konferensie daarna moet strewe om bewustheid van wêreldwye bevolkingskwessies te kweek.

"Bevolkingstatistieke behoort as riglyn vir navorsing te dien en moet die lewens van gewone burgers kan verander," het sy gesê.

"Een van die uitdagings vir bevolkingskundiges is om belangstelling in bevolkingsake onder regerings op verskeie vlakke, nasionale en internasionale organisasies, wetenskaplike instansies en die algemene publiek in Suid-Afrika te stimuleer."

Die BVSA is 'n wetenskaplike streeksinstansie wat in 2005 tot stand gebring is met die doel om demograwe en bevolkingskundiges byeen te bring om maniere te bespreek en te vind om bevolkings- en ontwikkelingskwessies in die Suid-Afrikaanse streek en daarbuite aan te pak.

Student lewer referaat by Cambridge Universiteit

Dis nie elke dag wat 'n Suid-Afrikaanse student die geleentheid het om as spreker by een van die wêreld se oudste en bekendste universiteite op te tree nie.

Naledi Modise het onlangs 'n referaat oor geweld teen vroue en kinders in Suid-Afrika by die Universiteit van Cambridge in die Verenigde Koninkryk gelewer.

Naledi, 'n derdejaarstudente wie se hoofvakke Politieke Wetenskap en Geskiedenis is, het haar referaat oor die realiteite van korrektiewe verkragting gelewer tydens die *Young African Scholars Meeting* wat van 14 tot 16 Julie 2013 gehou is.

Sy is tydens die Afrika-instituut van Suid-Afrika se tweajaarlikse konferensie uit 'n groep van 25 studente van verskeie Suid-Afrikaanse universiteite geselekteer. Dié konferensie is in Februarie vanjaar by die Vaaldriehoekskampus gehou.

Naledi beskou hierdie geleentheid as 'n groot mylpaal in haar lewe. "As finalejaarstudente sal die geleenthede en die nuwe insigte wat deur so 'n konferensie meegebring word my begrip van die wêreld en my rol in die samelewing verbeter. Dit het my reeds verskillende perspektiewe oor die akademie gegee."



Naledi Modise het die kampus se naam hoog gehou toe sy haar referaat by die Universiteit van Cambridge gelewer het.

Sokkerinstituut opgegradeer



◀ Nuwe opgraderings by die Sokkerinstituut sluit ook twee kleedkamers met storte (bo) en 'n ysbadkamer (onder) in.

veral noudat sommige van die Varsitybekerwedstryde op die kampus gespeel word.

'n Versperringsheining rondom die sokkerveld en die opgradering van die kolligte sal binnekort voltooi wees. Dit sal verseker dat toeskouers nie die spel ontwrig nie en dat wedstryde op die verskillende sportkanale op televisie uitgesaai kan word.

Die FNB Varsity Sokkerkompetisie het op 22 Julie 2013 op 'n hoë noot afgeskop toe ons span Wits met vier doele teen nul vermorsel het.

Die kampus was gasheer vir die eerste tuiswedstryd op 29 Julie en hierdie wedstryd is ook direk op SuperSport uitgesaai – 'n eerste vir die kampus.

Die Sokkerinstituut is onlangs opgegradeer om te verseker dat standarde op peil is vir die aanbod van belangrike wedstryde.

Die fasiliteite sluit nou onder meer ekstra kantoorruimte in, asook 'n tunnel waardeur spelers van die kleedkamers na die speelveld kan beweeg.

Volgens mnr Rick van Rooyen, sportbestuurder, is hierdie ontwikkelings baie belangrik,

Alternatiewe brandstof in die nabye toekoms beskikbaar



Die opleidingsentrum, toegerus met 'n opleidingsaanleg, sal afval-kookolie gebruik om bioparaffien te maak wat minder gesondheidsgevaar inhou. Die doel is volhoubare kennisoordrag deur onderrig van die teoretiese sowel as die praktiese kant van die kollektoring en verwerking van afvalolie.

"Hierdie projek is 'n tree in die rigting van 'n volhoubare biogebaseerde ekonomie en help om ons mense te leer hoe om skadelike afval in bruikbare huishoudelike produkte te omskep," sê prof Sanette Marx, projekteier.

Studente sal leer hoe om afval-kookolie te suiwer en op te gradeer tot bioparaffien en hoe om 'n verskaffingsketting op te stel vir die voorsiening van gebruikte olie in Soweto of soortgelyke geografiese en sosio-ekonomiese woongebiede.

Hierbenewens sal ongeveer 20 tot 30 vroue en mans opgelei word om afvalolie in te samel.

"Ons wil 'n fakulteit wees waar studente praktiese vaardighede aanleer en waar ons navorsing relevant is vir die industrie en die gemeenskap ophef, en dit is presies wat hierdie projek gaan doen," sê prof J Grobler, dekaan van die fakulteit.

Lae-inkomste-gemeenskappe sal binnekort 'n veiliger alternatief as paraffien tot hul beskikking hê. Die Fakulteit Ingenieurswese en Alensys, 'n Duitse leier in biomassa en biobrandstofenergie, werk nou saam om 'n bioparaffien-opleidingsentrum ter waarde van R2,2 miljoen tot stand te bring.

Paraffien is 'n mengsel van koolwaterstof wat uit koolstofgebaseerde brandstowwe geproduseer word en stel giftige dampe vry wanneer dit verbrand word. In Suid-Afrika is paraffien verantwoordelik vir 54% van sterftes in informele woongebiede weens brande, respiratoriese siektes en kinders wat per ongeluk paraffien inkry.

Skenking sit bal aan die rol

Die Ferdinand Postma Biblioteek het 'n skenking van R300 000 ontvang vir die herinrigting van geriewe om by internasionale tendense aan te pas.

Me Elsa Esterhuizen, Direkteur: Biblioteekdienste, sê dat biblioteekgebruikers se behoeftes aan die verander is en dat biblioteke tred moet hou met hierdie veranderinge.

"Die internasionale tendens is om navorsingsgeriewe te skei van die gewone inligtingsdienste om aan senior studente 'n toegewysde ruimte, toegerus met rekenaars en ander navorsingsmiddele, te voorsien," sê sy.

Benewens 'n moderne navorsingsruimte vir nagraadse studente en ander navorsers, word daar ook beoog om die boeke op alle vloere te verminder. Nuwer boeke waarin rondgeblai kan word, sal dan dié ruimte vul. 'n Ruimte sal ook geskep word om die ouer boeke te stoor.

Prof Herman van Schalkwyk, die rektor, sê die rol van die biblioteek het die afgelope jare baie verander en 'n baie "vriendeliker" omgewing geword. "Die verandering pas perfek in by die NWU se visie om 'n wêreldklas-navorsingsinstansie te wees."

Prosessie volg tradisie deur Lover's Lane



Die akademiese prosessie, gelei deur mnr Bertus le Roux, beweeg deur Lover's Lane.

Die kampus het onlangs 'n nuwe gebruik geskep deur die akademiese prosessie deur die bekende Lover's Lane vanaf die Raadsaal na die Sanlam Auditorium te lei.

Aangesien meeste van die tradisies wat by die NWU se gradeplegtighede gevolg word, gebaseer is op gebruike van die Universiteit van Oxford in die Verenigde Koninkryk, is hierdie nuwe gebruik in pas met die Oxford-tradisie waar die prosessie deur die dorp se strate beweeg.

Die eerste voorgraadse seremonie wat hierdie roete gevolg het, was op 15 Maart. Die ritueel is weer op 21 Mei met die meestersgradeplegtighede herhaal, en op 23 en 24 Mei is daar weer tydens die doktorsgradeplegtigheid so gemaak.



Dr Liana le Roux en dr Ansie Fouche (regs) beoog om hulle navorsing na die hele Suid-Afrika uit te brei om beter begrip van die nasionale situasie te verkry en uiteindelik na oplossings te soek.

Studie kyk na terapie voor hofsake

Onlangs Suid-Afrika se hoogaangeskrewe grondwet wat ontwerp is om publieke en individuele menseregte te beskerm, funksioneer ons regstelsel somtyds tot groot nadeel van kinders wat seksueel misbruik is.

Dit is hierdie realiteit wat dr Ansie Fouche van die Departement Maatskaplike Werk in die Skool vir Gedragwetenskappe, en haar kollega, dr Liana le Roux van die Universiteit van Pretoria, deur hul navorsing ondersoek het.

Tydens hul studie het dr Ansie en haar kollega met verskeie rolspelers onderhoude gevoer oor hul opinies van wat werklik in praktyk gebeur en om te bepaal hoe die regstelsel beter na jong slagoffers van seksuele misdaad kan omsien. Hulle het gevind dat jare kan verbygaan tussen die aanmelding van 'n seksuele misdaad teen 'n kind en wanneer dié kind in die hof getuig.

Wat die situasie nog meer uitdagend maak, is dat staatsaanklaers dikwels families van jong slagoffers aanraai om hulle nie vir sielkundige berading te stuur voor die hofverrigtinge plaasgevind het nie.

Die rede is dat die verdediging dikwels die berading gebruik om die slagoffer se getuie as onbetroubaar af te maak, aangesien kinders as maklik beïnvloedbaar beskou word.

Alhoewel dit praktiese advies vanuit 'n regsopspunt blyk te wees, is dit dikwels tot nadeel van die slagoffer wat hulp nodig het om sin te maak van wat gebeur het.


Prof Haidee se boek bekroon

Prof Haidee Kruger, programmeier van Vertaalstudies aan die Skool vir Tale is die medewenner van die 2013 European Society for Translation Studies Young Scholar-prys.

Sy het hierdie prys gewen vir haar boek (en doktorsale proefskrif) genaamd *Postcolonial polysystems: the production and reception of translated children's literature in South Africa* (Benjamins, 2012). Prof Haidee deel hierdie prys met me Beatriz Cerezo Merchán van Universitat Jaume I (Castelló, Spanje).

Sy is ook die skrywer van twee boeke wat haar eie gedigte bevat, genaamd *Lush: Poems for Four Voices* (2007) en *The Reckless Sleeper* (2012).

Die European Society for Translation Studies (EST) is in 1992 in Wene, Oostenryk gestig en het tans lede vanuit 46 lande. Die genootskap funksioneer as 'n navorsingsnetwerk, 'n forum vir verandering en 'n sentrum vir navorsingshulpbronne.



Prof Haidee Kruger en haar medewenner sal in September tydens die 2013 EST-konferensie in Germersheim, Duitsland, die 2013 EST Young Scholar-prys ontvang.

Fakulteit bied internasionale bekwaamheidstoets aan

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het onlangs geregistreerde studente en graduandi die geleentheid gebied om die internasionale Bloomberg-bekwaamheidstoets (BAT) op die kampus af te lê.

Die BAT is 'n gestandaardiseerde toets vir studente en graduandi wat 'n beroep in die sakesektor wil volg en wat op soek is na 'n spesifieke beroep of internskap. Volgens prof Herman van der Merwe, dekaan van die fakulteit, is die toets 'n nuttige evaluasie-instrument. "Die BAT het twee doelwitte, naamlik om as hulpmiddel te dien om jou eie kennis te evalueer en om studente te help met indiensneming in die sakesektor," sê hy.

Meer as 100 000 studente wêreldwyd het reeds dié toets afgelê en volgens die Bloomberg-instituut wat die toets aanbied, het meer as 20 000 werkgewers in die afgelope ses maande reeds op hierdie wyse met toekomstige werknemers in verbinding getree.



Die BAT is 'n twee-uur lange aanlyntoets, bestaan uit agt verskillende afdelings en word verdeel in 100 meervoudige keusevrae. Die toets is gebaseer op realistiese werksituasies en toets studente se besluitnemingsvermoë. Dit beoordeel aanleg en bekwaamheid eerder as teoretiese kennis en word gratis aangebied.

Die Bloomberg-instituut het 'n Talent Search-databasis wat werkgewers in staat stel om deelnemende studente te kontak. Studente kan hul profiele anoniem plaas wat regverdige en verdienstelike werwing verseker.

NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.

“ Ons staar ’n dreigende ramp in die Suid-Afrikaanse onderwyssektor in die gesig. Tensy ons iets aan die swak gehalte van ons basiese onderwysstelsel doen, sal ons die gevolge dra omdat ons universiteite onvolhoubaar sal raak. Hoër onderwys kan daartoe bydra om die probleme waarvoor Suid-Afrika te staan kom, op te los, maar die sektor is afhanklik van die optimale funksionering van die skoolstelsel. Die Wêreld-Ekonomiese Forum gradeer Suid-Afrika as ’n skokkende 133ste uit 142 lande

vir die algemene gehalte van sy onderwysstelsel. Ons sien reeds wat dit in praktiese opsigte beteken. ”

Prof Herman van Schalkwyk, Rektor: Potchefstroomkampus "The role of universities in averted disaster", Yahoo.com, 3 Junie 2013.



“ Gesien in die groter prentjie, was Obama se besoek aan Suid-Afrika baie positief. Obama het Suid-Afrika geloof vir die leiersrol wat hy in die Afrika-Unie speel en die land beskryf as ’n ’kriekie vennoot’ saam met wie Amerika in vennootskap met Afrika kan gaan om die vasteland te help bemagtig. ...Ek dink dit was ’n goeie besoek en ons het die geleentheid gehad om weer ’n goeie orator en leier in aksie te sien. ”

Mnr Theo Venter, Besigheidskool, Potchefstroomkampus "Obama se Afrika-planne", Volksblad, 3 Julie 2013.



“ Mandela-dag snoer Suid-Afrikanners saam en kan in die toekoms ’n wesenlike rol speel wat samehorigheid en solidariteit betref. Mandela is ’n ikoon vir die meeste Suid-Afrikanners – wit en swart word hierdeur saamgesnoer en op ’n simboliese wyse wil die meeste mense nou deel van dié edele solidariteit wees. ”

Prof Freek Cronjé, Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Potchefstroomkampus "Suid-Afrikanners só saamgesnoer", Die Burger, 18 Julie 2013.



“ Elke keer dink ons ’n nuwe tegnologie gaan die appelkar omgooi. Moocs (massive open online course – ’n gratis aanlynkursus wat wêreldwyd oop is vir enige iemand en onbeperk is wat getalle betref), is net nog ’n meganisme vir leer, maar ek hoop dit gee toegang aan mense wat dit nie andersins kan bekostig (om verder te studeer) nie. ”

Prof Herman van der Merwe, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, Vaaldriehoek-kampus. "Mooc 'n plan en leer aanlyn", Beeld, 24 Junie 2013.



“ Die hedendaagse Suid-Afrikaanse regstudent het ’n baie dringender en meer basiese behoefte as die vermoë om Latynse regstekste te vertaal. Studente toon toenemend ’n onvermoë om die metataal van die akademie te hanteer, om te spel, te memoriseer en om probleme sistematies te ontleed en op te los. Navorsing het bewys dat selfs een jaar se Latyn-onderdig juis hierdie behoeftes doeltreffend aanspreek. ”

Prof Marianne Dirksen, Skool vir Antieke Taal- en Teksstudie, Potchefstroomkampus

Brief in reaksie op 'n artikel oor leemtes in afstuderende regslui se akademiese vaardighede, Beeld, 6 Junie 2013.

En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Institusionele Kantoor:
Me Wilna Esterhuizen,
administratiewe beampte,
Mensekapitaal



Mafikengkampus:
Mnr Dumile Mlambo,
kommunikasiebeampte,
Bemarking en Kommunikasie



Potchefstroomkampus:
Me Vernice Swarts,
sekretaresse, Skool vir Geografie
en Omgewingsbestuur



Vaaldriehoekkampus:
Me Innocentia Mphuthi,
administratiewe assistent,
Kantoor van die kampusregis-
trateur

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het! As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem:

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1.

Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

2.

3.

4.

5.

6. Waar kan mens na die jongste radio-advertensie van die NWU luister?
7. Wie het die "groen" oudit by die NWU gedoen?
8. Wat is die NWU se totale navorsingsuitset vir 2012?
9. Wat is die naam van die Mafikengkampus-student wat 'n referaat by Cambridge Universiteit gelewer het?
10. Wat is die naam van prof Haidee Kruger se boek waarmee sy die 2013 European Society for Translation Studies Young Scholar-prys gewen het?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!



AS EK 'N SUPERHELD KON WEES...

In 'n nuwe reeks artikels vra Eish! in elke uitgawe aan personelede hoe hulle oor 'n spesifieke onderwerp voel. In die eerste artikel wou ons weet, as personeel kon kies om enige superheld te wees, wie hul keuse sou wees en waarom.

Mnr Jermaine Pofaan, bode, Potchefstroomkampus: "Ek sal graag Superman wil wees. Dan kan ek almal help wat probleme het. Superman is altyd blitsvinnig op die toneel en kan dadelik 'n verskil maak. My gunsteling Superman-vermoëns is om te kan vlieg en natuurlik wanneer hy sy kenmerkende houding inneem. As ek Superman kon wees sou enige uitdaging sommer kinderspeletjies gewees het."

Mnr Tommie Pietersen, senior administratiewe assistent: Kwaliteitskantoor, Institusioneel: "My keuse is die ernstige maar soms ook komiese Iron Man. Ek het 'n volslae aanhanger geword na ek die Iron Man-films gekyk het. Ek sal graag in die Iron Man-pak wil klim met al die interessante funksies wat dit het. Dink net, 'n gekamoefleerde senior administratiewe assistent Iron Man tot die redding! Dan is Beskermingdienste dalk nie meer nodig nie."

Mnr GP van Rheede van Oudtshoorn, dosent, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomkampus: "Ek sou graag Marvel Comics se Magneto wou wees. Benewens sy vermoë om magnetiese velde te genereer en te manipuleer, is die intriges rondom sy karakter vir my fassinerend. Magneto blyk in 'n voortdurend eksistensiële krisis te wees met 'n tragiese geskiedenis, 'n kontroversiële ideologiese uitkyk op mag en 'n dinamiese interaksie

met ander karakters. Hoewel hy merendeels as vyand eerder as vriend gesien word, is hy nie inherent sleg nie. Sy wese is gereflekteer in die voorwerpe wat hy manipuleer. Hy lewe 'n vol, ryk lewe!"

Me Loraine Nel, bestuurder: Personeelbuisering en studentekoshuise, Mafikengkampus: "In my kinderjare het my pa vir my die verhaal van my superheldin, Joan van Arc, vertel. Op my sestiende verjaardag het hy vir my 'n boek oor haar lewe, *Maid of Heaven*, gegee. As sestienjarige het sy beheer oor die Franse weermag geneem en baie oorwinnings teen Engeland gelei. Sy is op 19 op die brandstapel verbrand. 'n Kwarteeu later het die Pous haar onskuldig bevind. 500 jaar later het sy amptelik 'n heilige van dieselfde kerk wat haar tereggestel het geword. Ek sou graag haar wysheid en manmoed wou hê."

Me Lerato Tsagae, persoonlike assistent van die waarnemende institusionele registrateur: "Ek wil graag soos Aquaman wees. Net soos hy die hele see vreesloos regeer, dink ek ek regeer my kantoor vreesloos. Hy stuit nie vir enige uitdaging nie, maak nie saak in watter dieptes hy homself bevind nie. Dit is ook my lewensuitkyk. Uitdagings is daar om oorkom te word."

Prof Herman van der Merwe, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, Vaaldriehoekcampus: "Op 18 Julie wou ek Nelson Mandela wees. Hy is iemand wat soveel mense se lewens aangeraak het met liefde, deernis, wysheid, insig en visie. Ek wil nou Superman wees, ander se probleme oplos en help waar daar nood is en troos waar

daar hartseer is. Mère wil ek Salomo wees want dan sit ek in verskeie hoëvlak internasionale samesprekings om die fakulteit se inisiatiewe na 'n volgende vlak te neem. Die naweek wil ek graag Herman van der Merwe, die superheld, in my kinders en vrou se oë wees."

Me Annette Willemsse, kommunikasiebeampte, Bemaking en Kommunikasie, Vaaldriehoekcampus: "Ek wil sonder enige twyfel Batman wees. Die voordele om soos hierdie skim van die nag te wees is legio:

- Swart klere is vlelend vir alle figure;
- Met 'n masker sal ek nooit weer 'n 'bad hair day' beleef nie.
- Ek sal my eie (goedgekeurde) handelsmerk hê... as die kampus se handelsmerk-ambassadeur is dit vir my belangrik.
- Ek sal, soos Bruce Wayne, bedags aan die stuur van my eie sakeryk staan (en almal wat van my admin-onvermoë weet, is bewus dat admin-vaardighede, na my mening, reeds 'n superpower is!)
- Beste van alles: Ek sal nooit weer bang wees as 'n vlermuis op my afgelyp kom nie!"

Me Norah Taole, persoonlike assistent vir die rektor, Mafikengkampus: "She-Ra is 'n simbool van die krag en innerlike sterkte wat vroue het. Sy is 'n bewys dat vroue, net soos mans, die wêreld kan red. Sy doen dit met elegansie en vernietig nie te veel goed in die proses nie. Ek is 'n vurige vrou wat glo dat die krag in my die wêreld kan verander. My swaard is gebed en ek glo die krag daarvan kan enige persoon red wat daarin glo. Ek pak my werk met elegansie, waardigheid en respek vir mense aan, net soos She-Ra."

Ros(t)kam kry 'n nuwe betekenis

NWU-personeel is baie meer as net harde werkers. Ná ure en naweke leef hulle met oorgawe en woeker hulle met talente waarvan min mense weet. In ons voortgaande reeks oor die interessante mense wat by die NWU werk, kuier ons hierdie keer saam met 'n uithouritruiter.

Prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite by die Institusionele Kantoor, het 'n paar jaar gelede sy Comrades-hardloopskoene vir 'n saal verruil.

Nadat hy sy agtste marathon voltooi het, het hy besluit om dié sport vaarwel toe te roep. Hy vertel dat die oorgaan van marathon-atleet na uithouritte vir hom 'n natuurlike proses was. "My liefde vir perde kom reeds van jongs af. Ek kon perdry voor ek kon fietsry."

Prof Johan sê hy het reeds 3 924 km in uithouritte voltooi. Elke kilometer wat hy op die rug van 'n perd afgelê het is vir hom besonder spesiaal. Sy betrokkenheid by uithouritte het begin toe dr Theuns Eloff, die visekanselier, hom daaraan bekendgestel het. "Ek het aanvanklik met een van sy perde begin oefen," vertel hy.

Sedert daardie beginjare het hy die sport met entoesiasme beoefen. Hy het al aan uithouritte deelgeneem op plekke van Sannieshof tot so ver as Namibië. Van die hoogtepunte was sy deelname aan die Drienasies-uithourit in Walvisbaai en sy verwerwing van provinsiale kleure in die sport.

Prof Johan se eerste uithourit was in Januarie 2002. Hy het aan verskeie uithouritte van die Endurance Riders Association of South Africa,

wat die nasionale standaard vir uithouritte stel, en die Federation Equestre Internationale (FEI), wat die internasionale standaarde vir uithouritte bepaal, deelgeneem.

Perdry het vir prof Johan 'n absolute terapeutiese uitwerking. "Dit laat enige onstuimigheid in mens se gemoed bedaar. Die band tussen ruiter en perd verdiep in so 'n mate dat mens as 'n eenheid begin funksioneer. Dit is uiters bevredigend wanneer die perd erkenning aan die ruiter gee deur op sy stemtoon te reageer. Die perde is nie 'dooië dienaars' nie. Hulle het karakter en soms ook hul eie nukke en grille. Perd en ruiter moet mekaar leer ken en verstaan."

Hy sê die band tussen hom en sy perd het veral tydens een besondere rit in Fauresmith verinnig. "My perd, Hurst Texas, het gedurende die rit goed presteer, maar tydens die laaste 20 km-been van 'n 120 km-rit het hy begin moeg word. Ek het aanhoudend met hom gepraat en hom gemotiveer, en ons het goed klaargemaak."

Prof Johan sê 'n baie belangrike aspek van uithouritte is die versorging van die perde voor, tussen en ná die onderskeie bene van 'n uithourit.

Sy vrou, Liez, is veral vir die versorging van die perde verantwoordelik. Dit maak dat uithouritte vir hom dus ook 'n gesinsport is.

"Ek en Liez is 'n span. Dit is wonderlik om die uithourit-ervaring met haar te kan deel. Sy is besonder toegewyd en verseker dat Hurst Texas in topkondisie bly," vertel hy.

Liez, met behulp van hul assistent, David, verseker dat die perd voldoende water het, dat die kos reg is en dat die elektroliete waar nodig toegedien word. Soos in enige ander sport was daar ook teleurstelling. In Junie 2007 het hy 'n hele 200 km-uithourit in Fauresmith voltooi. "Die veearts het opgemerk dat iets gerings verkeerd is met my perd, Benlarich Torah El Arab, en hoewel hy nie presies kon sê wat dit was nie, is ek en my perd nogtans gediskwalifiseer."

Benlarich Torah El Arab is aan die begin van 2013 dood. Prof Johan sê as jy eers saam met 'n perd aan uithouritte deelgeneem, en hoogte- en laagtepunte ervaar het, is die dood van so 'n besondere dier 'n geweldige verlies.

Een van die grootste komplimente wat hy gekry het was toe 'n veearts hom na 'n rit geprys het vir sy ruiterskap: "As meer mense ruiterskap soos jy toegepas het sou minder perde tydens uithouritte uitgeval het." Vir prof Johan is dit die kruks van die sport: Om op so 'n manier aan uithouritte deel te neem dat dit tot voordeel van ruiter en perd is.

Vir prof Johan lê daar waarskynlik nog talle uithouritte voor – ritte wat hy sal aanpak met die spreekwoord 'aanhouer wen' as motivering.

** As jy weet van 'n kollega wat iets besonders of interessants in sy of haar lewe buite die universiteit doen, stuur gerus die inligting aan Marelize Santana by marelize.santana@nwu.ac.za.*

Ná 'n uithourit op Fauresmith...



Maak dié bykos vir Braaidag



Erfenisdag, 24 September, is ook bekend as Braaidag en as jy 'n vleisie op die kole gaan gooi, kan jy gerus mnr Louis Jacobs, die Institusionele Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie en Belanghebberverhoudinge, se botterbroodjie-resep probeer.

BOTTERBROODJIES IN JOU TOEBROODJIE-MAKER ("SNACKWICH")

4 eetlepels kookolie
1 eier
 $\frac{3}{4}$ koppie melk
1 koppie bruismeel
1 $\frac{1}{2}$ koppie gerasperde kaas
1 pakkie gesnipperde spek
1 groot fyngekapte ui
sout en swartpeper na smaak

Braai die ui en spek en laat dit afkoel. Verwyder die oortollige olie. Meng die res van die

bestanddele en voeg die spek en ui by. Skep lepelsvol in die kwarte van jou toebroodjiesmaker ("snackwich"), maak dit toe en braai tot goudbruin.

Sny die botterbroodjies oop en bedien dit met botter of 'n groen slaai. Jy kan die botterbroodjies ook met botter smeer en vir 'n rukkies oor die kole braai.

Die spek en ui kan vervang word met 'n pakkie wituiesoppoeier.

OORSPONG VAN BRAAIDAG

Erfenisdag word ook gevier as Braaidag, wat onder die vaandel van Braai4Heritage en die beskerming van Emeritus Aartsbiskop Desmond Tutu plaasvind. Die idee is dat Suid-Afrikers saam deelneem aan 'n aktiwiteit wat deel is van alle demografiese groeperinge se kultuur.

◀ Mnr Louis Jacobs van die Institusionele Kantoer klink 'n glasie op Braaidag.



Studeute van die Potchefstroomkampus was onlangs verbaas toe hulle akademici in togas tussen die Plataanbome van Lover's Lane raakgeloop het. Hier lei dr Theuns Eloff, die visekanselier, en prof Herman van Schalkwyk, die rektor van die Potchefstroomkampus, die akademiese prosesie tydens die doktorsgradeplegtigheid op 24 Mei 2013. Lees gerus op p 13 meer oor dié nuwe gebruik.

DIT BEGIN ALLES BY DIE NOORDWES- UNIVERSITEIT

Die Noordwes-Universiteit se drie kampusse in Mafikeng, Potchefstroom en die Vaaldriehoek bied nie net die beste in tersiêre onderrig nie, maar lewer ook studente wat gereed is om die wêreld waarin ons leef, te verander. Deur ons onderrig- en leerprogramme, ons navorsings- en innovasieprojekte en ons voortgaande gemeenskapsverbintenis, bou ons nie net 'n beter universiteit nie, maar help ons ook om 'n beter Suid-Afrika te bou.